Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2892 | PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB | REGULASIEKOERANT No. 2892

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | ABROAD 30c BUITELANDS | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

POST FREE · POSVRY

VOL. 172] PRETORIA, 26 OCTOBER / OKTOBER 1979 [No. 6710

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 261, 1979

SEA FISHERIES AMENDMENT ACT, 1979 (ACT 61 OF 1979)

In terms of section 15 of the Sea Fisheries Amendment Act, 1979, I fix 26 October 1979 as the date on which the said Act shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Nineteenth day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. W. BOTHA.

## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 261, 1979

WYSIGINGSWET OP SEEVISSERYE, 1979 (WET 61 VAN 1979)

Kragtens artikel 15 van die Wysigingswet op Seevisserye, 1979, bepaal ek 26 Oktober as die datum waarop genoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Negentiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. W. BOTHA.

## GOVERNMENT NOTICES

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 2390 26 October 1979

MAXIMUM PRICE OF LUCERN SEED SOLD BY LUCERN SEED CLEANERS

In terms of section 79 (b) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Lucern Seed Control Board referred to in section 3 of the Lucern Seed Scheme, published by Proclamation R. 30 of 1963, as amended, has, under section 18 of the said Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof, fixed the maximum price of lucern seed as set out in the Schedule hereto, in substitution of the maximum price published by Government Notice R. 2285 of 17 November 1978 which is hereby repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 2390 26 Oktober 1979

MAKSIMUM PRYSE VAN LUSERNSAAD DEUR LUSERNSAADSKOONMAKERS VERKOOP

Kragtens artikel 79 (b) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Lusernsaadbeheerraad, genoem in artikel 3 van die Lusernsaadskema, afgekondig by Proklamasie R. 30 van 1963, soos gewysig, kragtens artikel 18 van daardie Skema, met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan, die maksimum prys van lusernsaad soos in die Bylae hiervan uiteengesit, vasgestel het ter vervanging van die maksimum prys, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2285 van 17 November 1978, wat hierby herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Lucern Seed Scheme, published by Proclamation R. 30 of 1963, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

"lucern seed cleaner" means a person registered under section 18*bis* of the said Scheme to clean lucern seed.

2. No lucern seed cleaner shall sell lucern seed to a person dealing therewith in the course of trade at a price above R74,21 per 50 kg:

Provided that the above-mentioned price may be increased by the amount of railage incurred by the seller in respect of the delivery of the lucern seed to the buyer.

No. R. 2391 26 October 1979

LEVY AND SPECIAL LEVY ON CHICORY

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968) I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Chicory Board, referred to in section 6 of the Chicory Scheme published by Proclamation R. 155 of 1978, has in terms of sections 20 and 21 of the said Scheme, with my approval and with effect from 1 November 1979, imposed a levy and special levy as set out in the Schedule hereto, in substitution of the levy and the special levy published by Government Notice R. 2158 of 27 October 1978, which is hereby repealed with effect from the same date.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Chicory Scheme, published by Proclamation R. 155 of 1978, shall have a corresponding meaning and—

"grade" in relation to dried chicory root in unroasted form, means a grade of dried chicory root in unroasted form prescribed by regulation under section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968).

2. A levy of 127c per 50 kg and a special levy of 115c per 50 kg is hereby imposed on First grade and Second grade dried chicory root in unroasted form which is sold by the Chicory Board on behalf of a producer thereof.

No. R. 2392 26 October 1979

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING AND PACKING OF WHEAT.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule "regulations" means the regulations published by Government Notice R. 1633 of 15 September 1972 as amended by Government Notices R. 1758 of 29 September 1972, R. 1906 of 27 October 1972, R. 1522 of 24 August 1973, R. 1768 of 28 September 1973, R. 1745 of 27 September 1974, R. 1836

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Lusernsaadskema, afgekondig by Proklamasie R. 30 van 1963, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"lusernsaadskoonmaker" iemand wat kragtens artikel 18*bis* van die genoemde Skema, by die Raad geregistreer is om lusernsaad skoon te maak.

2. Geen lusernsaadskoonmaker mag lusernsaad aan 'n persoon wat daarmee as 'n besigheid handel verkoop nie teen 'n hoër prys as R74,21 per 50 kg:

Met dien verstande dat bogenoemde prys verhoog mag word met die bedrag van die spoorvrag deur die verkoper aangegaan ten opsigte van die lewering van die lusernsaad aan die koper.

No. R. 2391 26 Oktober 1979

HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP SIGOREI

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Sigoreiraad, genoem in artikel 6 van die Sigoreiskema, afgekondig by Proklamasie R. 155 van 1978, kragtens artikels 20 en 21 van genoemde Skema, met my goedkeuring en met ingang van 1 November 1979 'n heffing en spesiale heffing opgelê het soos in die Bylae hiervan uiteengesit, ter vervanging van die heffing en spesiale heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2158 van 27 Oktober 1978 wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Sigoreiskema, afgekondig by Proklamasie R. 155 van 1978 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"graad", met betrekking tot gedroogde sigoreiwortel in ongebrande vorm, 'n graad gedroogde sigoreiwortel in ongebrande vorm by regulasie kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), voorgeskryf.

2. 'n Heffing van 127c per 50 kg en 'n spesiale heffing van 115c per 50 kg word hierby opgelê op Eerstegraad en Tweedegraad gedroogde sigoreiwortel in ongebrande vorm wat deur die Sigoreiraad ten behoewe van 'n produsent daarvan verkoop word.

No. R. 2392 26 Oktober 1979

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING EN VERPAKKING VAN KORING.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1633 van 15 September 1972 soos gewysig deur Goewermentskennisgewings R. 1758 van 29 September 1972, R. 1906 van 27 Oktober 1972, R. 1522 van 24 Augustus 1973, R. 1768 van 28 September 1973, R. 1745 van 27

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



of 26 September 1975, R. 1761 of 1 October 1976, R. 2220 of 28 October 1977 and R. 1985 of 29 September 1978.

2. Regulation 1 of the regulations is hereby amended by—

(a) the substitution for the words "*Triticum vulgare*" in the definition of "bread wheat" of the words "*Triticum aestivum*";

(b) the substitution for the definition of "insects" of the following definition:

" 'insects' means any live weevils or any other live insects injurious to stored wheat, irrespective of the stage of development of the insects;"; and

(c) the deletion of the words "moisture testing oil" and the definition thereof.

3. Regulation 2 of the regulations is hereby amended by the substitution for the words "Wheat Industry Control Board" of the words "Wheat Board".

4. Regulation 3 (2) of the regulations is hereby amended by—

(a) the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) *Class* A.—That is bread wheat which consists of at least 80 per cent (m/m) of one or more of the bread wheat cultivars Betta, Bona, Dipka, Elize, Flameks, Flamink, Gouritz, Heléne, Inia, Kasteel, K20, Lee-Mida, Muti, Nana, Raven, Skemer, Sonop, SST2, SST3, SST6, SST16, SST101, SST102 and Zambesi (red) and which complies with the requirements prescribed for Super Grade, Grade 1 or Grade 2 bread wheat.";

(b) the substitution for subparagraph (i) of paragraph (b) of the following subparagraph:

"(i) at least 80 per cent (m/m) of one or more of the bread wheat cultivars Bella, Belinda, Benita, Elrina, Janitor, Kenia Sokkies, Liesbeeck, Memnon, Scheepers 69, Sonderend, Sterling, Tobari, Tosca, T4, Verbeterde Kenia and Zaragoza and which complies with the requirements prescribed for Grade 1, Grade 2 or Grade 3 bread wheat;".

5. Regulation 5 (1) of the regulations is hereby amended by—

(a) the substitution for the words "Foreign material" of the words "Foreign matter" in paragraph (d) of the table; and

(b) the substitution for the figures "25 25 40 100" of the figures "25 50 100 100" in paragraph (i) of the table.

6. The heading above regulation 9 in the Afrikaans text is hereby amended by the substitution for the word "Voggehalte" of the word "Voginhoud".

7. Regulation 9 of the regulations is hereby amended by—

(a) the substitution in the Afrikaans text for the word "Voggehalte" of the word "Voginhoud" in the introductory paragraph;

(b) the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) *Delmhorst electrical resistance method.*—The apparatus for moisture determination according to this method shall consist of the Delmhorst moisture meter model G-6C by which moisture in wheat is determined through electrical resistance. The apparatus shall be placed away from draughts and direct rays of the sun.

September 1974, R. 1836 van 26 September 1975, R. 1761 van 1 Oktober 1976, R. 2220 van 28 Oktober 1977 en R. 1985 van 29 September 1978.

2. Regulasie 1 van die regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die woorde "*Triticum vulgare*" in die woordomskrywing van "broodkoring" deur die woorde "*Triticum aestivum*" te vervang;

(b) die woordomskrywing van "insekte" deur die volgende woordomskrywing te vervang:

" 'insekte' enige lewende kalanders of enige ander lewende insekte wat skadelik is vir opgebergde koring ongeag die stadium van ontwikkeling van die insekte;"; en

(c) die woord "vogtoetsolie" en die omskrywing daarvan te skrap.

3. Regulasie 2 van die regulasies word hierby gewysig deur die woorde "Raad van Beheer oor die Koringnywerheid" deur die woord "Koringraad" te vervang.

4. Regulasie 3 (2) van die regulasies word hierby gewysig deur—

(a) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) *Klas* A.—Dit is broodkoring wat bestaan uit minstens 80 persent (m/m) van een of meer van die broodkoring cultivars Betta, Bona, Dipka, Elize, Flameks, Flamink, Gouritz, Heléne, Inia, Kasteel, K20, Lee-Mida, Muti, Nana, Raven, Skemer, Sonop, SST2, SST3, SST6, SST16, SST101, SST102 en Zambesi (rooi) en wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir Supergraad, Graad 1 of Graad 2 broodkoring.";

(b) subparagraaf (i) van paragraaf (b) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) minstens 80 persent (m/m) van een of meer van die broodkoring cultivars Bella, Belinda, Benita, Elrina, Janitor, Kenia Sokkies, Liesbeeck, Memnon, Scheepers 69, Sonderend, Sterling, Tobari, Tosca, T4, Verbeterde Kenia en Zaragoza en wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir Graad 1, Graad 2 of Graad 3 broodkoring;".

5. Regulasie 5 (1) van die regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die woorde "Foreign material" in paragraaf (d) van die tabel in die Engelse teks deur die woorde "Foreign matter" te vervang; en

(b) die syfers "25 25 40 100" in paragraaf (i) van die tabel deur die syfers "25 50 100 100" te vervang.

6. Die opskrif bo regulasie 9 van die regulasies word hierby gewysig deur die woord "Voggehalte" deur die woord "Voginhoud" te vervang.

7. Regulasie 9 van die regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die woord "Voggehalte" in die inleidende paragraaf deur die woord "Voginhoud" te vervang;

(b) subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) *Delmhorst-elektriese weerstandmetode.*—Die apparaat vir die bepaling van voginhoud volgens hierdie metode bestaan uit die Delmhorst-vogmeter, Model G-6C, waardeur vog in koring deur middel van elektriese weerstand bepaal word. Die apparaat moet nie in 'n trek en direkte sonlig geplaas word nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



A Celsius thermometer must be placed in the well-mixed representative sample of the wheat to be tested for moisture content.

Fill the sample cup with a single layer of wheat and place it on the pressure plate. Place the upper electrode plate in position. Turn the electrode screw until some resistance to turning is felt. Then turn it an additional one and a half turns.

Set range switch (right hand side of machine) at 'ADJ' position. Press 'READ' button. The meter pointer should now come to rest exactly opposite the 100 reading on the 0–100 scale or on the 'ADJ' line of the interchangeable dials. Turn 'ADJUST' knob to obtain required pointer position if necessary. Check adjustments regularly when making a number of tests. Set the range switch at one of the three ranges which will cover the expected moisture content. Press the 'READ' button and read the moisture content of the appropriate meter dial. If necessary turn the range switch until the meter pointer rests within the numbered part of the scale.

The result thus obtained shall be corrected for temperature by increasing it by 0,1 for each degree centigrade the temperature reading is below 27 °C and by decreasing it by 0,1 for each degree centigrade the temperature reading is above 27 °C.

Turn the upper electrode counter-clockwise, empty the cup and clean it for the next test.

All tests shall be done twice and if the difference between the two percentages does not exceed 0,2 the average of the two percentages shall be taken as the moisture content; if the said difference exceeds 0,2 the tests must be repeated on separate quantities of the original sample.

Please note that if it proves impossible to adjust the apparatus, it is essential that the batteries be replaced. If this cannot be done immediately, the old batteries must be removed immediately whether the apparatus is used or not, as they may cause irreparable damage to the apparatus.

Care must be taken that the appropriate scale for wheat is used."; and

(c) the substitution for the first sentence of, and table in subregulation (2) of the following sentence and table:

"The apparatus for moisture determination according to this method shall consist of the Marconi Moisture Meter, Model TF 933 or TF 933A or TF 933B or TF 933C by which moisture in wheat is determined through electrical resistance.".

| "Dial reading | Percentage | Dial reading | Percentage |
|---|---|---|---|
| 0 | 8,5 | 26 | 13,4 |
| 1 | 8,7 | 27 | 13,7 |
| 2 | 8,8 | 28 | 13,9 |
| 3 | 9,0 | 29 | 14,1 |
| 4 | 9,2 | 30 | 14,4 |
| 5 | 9,4 | 31 | 14,6 |
| 6 | 9,6 | 32 | 14,9 |
| 7 | 9,8 | 33 | 15,1 |
| 8 | 10,0 | 34 | 15,3 |
| 9 | 10,2 | 35 | 15,6 |
| 10 | 10,4 | 36 | 15,8 |
| 11 | 10,5 | 37 | 16,1 |
| 12 | 10,7 | 38 | 16,4 |
| 13 | 10,9 | 39 | 16,6 |
| 14 | 11,1 | 40 | 16,9 |
| 15 | 11,3 | 41 | 17,2 |

Plaas 'n Celsius-termometer in die goed gemengde, verteenwoordigende monster koring waarvan die vog gemeet moet word.

Vul die monsterbakkie met 'n enkellaag van die koring en plaas dit op die drukplaat. Plaas die boonste elektrodeplaat in posisie. Draai die elektrodeskroef vas totdat 'n geringe teenstand gevoel word. Draai dan nog 'n ekstra een en 'n half draaie.

Stel die reeksskakelaar (regterkant van apparaat) op die 'ADJ' posisie. Druk die 'READ'-knoppie. Die meternaald behoort nou presies regoor die 100 lesing op die 0–100 skaal of op die 'ADJ' lyn van die verwangbare skale tot rus te kom. Indien nodig moet die naald deur middel van die 'ADJUST'-knoppie op die vereiste posisie ingestel word. Toets regstelling gereeld tussen toetse. Die skakelaar moet nou na een van die drie reekse gedraai word wat die beste afleesbare lesing gee. Druk die 'READ'-knoppie en lees die voginhoud op die betrokke skaal af. Indien nodig moet die skakelaar gedraai word na 'n ander reeks sodat die naald binne die genommerde deel van die skaal te staan kom.

Die resultate aldus verkry, moet vir temperatuur aangesuiwer word deur dit met 0,1 te vermeerder vir elke een graad Celsius wat die termometerlesing onder 27 °C is en met 0,1 te verminder vir elke een graad Celsius wat die termometerlesing bo 27 °C is.

Draai die boonste elektrode links om en maak die monsterbakkie leeg en skoon vir die volgende toets.

Alle toetse moet twee keer gedoen word en as die verskil tussen die twee persentasies nie groter as 0,2 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies as die voginhoud geneem; as genoemde verskil groter as 0,2 is, moet die toets herhaal word met afsonderlike hoeveelhede van die oorspronklike monster.

Let wel dat indien die apparaat nie korrek ingestel kan word met die 'ADJUST'-knoppie nie, moet die batterye vervang word. As dit nie moontlik is om dadelik nuwe batterye te bekom nie, moet die ou batterye dadelik verwyder word, of die apparaat gebruik word of nie daar hulle die apparaat onherstelbaar kan beskadig.

Daar moet gesorg word dat die toepaslike skaal vir koring gebruik word."; en

(c) die eerste sin van en die tabel in subregulasie (2) deur die volgende sin en tabel te vervang:

"Die apparaat vir die bepaling van voginhoud volgens hierdie metode bestaan uit die Marconi-vogmeter, Model TF 933 of TF 933A of TF 933B of TF 933C, waardeur vog in die koring deur middel van elektriese weerstand bepaal word.".

| "Lesing op wyserskywe | Persentasie | Lesing op wyserskywe | Persentasie |
|---|---|---|---|
| 0 | 8,5 | 26 | 13,4 |
| 1 | 8,7 | 27 | 13,7 |
| 2 | 8,8 | 28 | 13,9 |
| 3 | 9,0 | 29 | 14,1 |
| 4 | 9,2 | 30 | 14,4 |
| 5 | 9,4 | 31 | 14,6 |
| 6 | 9,6 | 32 | 14,9 |
| 7 | 9,8 | 33 | 15,1 |
| 8 | 10,0 | 34 | 15,3 |
| 9 | 10,2 | 35 | 15,6 |
| 10 | 10,4 | 36 | 15,8 |
| 11 | 10,5 | 37 | 16,1 |
| 12 | 10,7 | 38 | 16,4 |
| 13 | 10,9 | 39 | 16,6 |
| 14 | 11,1 | 40 | 16,9 |
| 15 | 11,3 | 41 | 17,2 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



| "Dial reading | Percentage | Dial reading | Percentage |
|---|---|---|---|
| 16 | 11,5 | 42 | 17,5 |
| 17 | 11,7 | 43 | 17,9 |
| 18 | 11,9 | 44 | 18,2 |
| 19 | 12,1 | 45 | 18,5 |
| 20 | 12,2 | 46 | 18,9 |
| 21 | 12,4 | 47 | 19,3 |
| 22 | 12,6 | 48 | 19,7 |
| 23 | 12,8 | 49 | 20,1 |
| 24 | 13,0 | 50 | 20,5 |
| 25 | 13,2 | 51 | 21,0" |

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. R. 2366 26 October 1979

AGRICULTURAL PESTS ACT, 1973 (ACT 3 OF 1973)

DECLARATION OF INSECTS FOR THE APPLICATION OF THE ACT

By virtue of the powers vested in me by the definition of "insect" in section 1 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), and with the consent of the Administrator-General for the territory of South West Africa in so far as it concerns that territory, I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby declare that—

(a) the provisions of the said Act shall apply in respect of the invertebrate members of the animal kingdom (irrespective of the stage of its development) specified in the Schedule;

(b) this notice shall apply also in the territory of South West Africa; and

(c) Government Notice R. 1585 of 4 August 1978 is repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

| "Lesing op wyserskywe | Persentasie | Lesing op wyserskywe | Persentasie |
|---|---|---|---|
| 16 | 11,5 | 42 | 17,5 |
| 17 | 11,7 | 43 | 17,9 |
| 18 | 11,9 | 44 | 18,2 |
| 19 | 12,1 | 45 | 18,5 |
| 20 | 12,2 | 46 | 18,9 |
| 21 | 12,4 | 47 | 19,3 |
| 22 | 12,6 | 48 | 19,7 |
| 23 | 12,8 | 49 | 20,1 |
| 24 | 13,0 | 50 | 20,5 |
| 25 | 13,2 | 51 | 21,0" |

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE

No. R. 2366 26 Oktober 1979

WET OP LANDBOUPLAE, 1973 (WET 3 VAN 1973)

VERKLARING VAN INSEKTE VIR DIE TOEPASSING VAN DIE WET

Kragtens die bevoegdheid my verleen by die woordbepaling van "insek" in artikel 1 van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), en met die toestemming van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika vir sover dit daardie gebied betref, verklaar ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby dat—

(a) die bepalings van genoemde Wet van toepassing is met betrekking tot die ongewerwelde lede van die diereryk (ongeag die stadium van hulle ontwikkeling) in die Bylae aangedui;

(b) hierdie kennisgewing ook in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing is; en

(c) Goewermentskennisgewing R. 1585 van 4 Augustus 1978 herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

### SCHEDULE/BYLAE

DECLARED INSECTS/VERKLAARDE INSEKTE

| *Common name/Gewone naam* | *Scientific name/Wetenskaplike naam* |
|---|---|
| Wax scales, soft scales/Wasdopluise, sagtedopluise | *Coccidae*, species of the genera of the family/spesies van die genera van die familie. |
| Banana root borer/Piesangwortelboorder | *Cosmopolites sordidus.* |
| Ring, sheath and pin nematodes/Ring-, skede- en speldaalwurms | *Criconematoidea*, species of the genera of the family/spesies van die genera van die familie. |
| Vine phylloxera/Wingerdfilloksera | *Daktulosphaira vitifoliae.* |
| Armoured scales/Pantserdopluise | *Diaspididae*, species of the genera of the family/spesies van die genera van die familie. |
| Bulb and stem nematodes/Bol- en stingelaalwurms | *Ditylenchus dipsaci* and/en *D. destructor.* |
| Woolly apple aphid/Appelbloedluis | *Eriosoma lanigerum.* |
| Banana spiral nematode/Piesang spiraalaalwurm | *Helicotylenchus multicinctus.* |
| Cyst forming and root knot nematodes/Sistvormende en knopwortelaalwurms | *Heteroderidae*, species of the genera of the family/spesies van die genera van die familie. |
| Dagger and needle nematodes/Dolk- en naaldaalwurms | *Longidoridae*, species of the genera of the family/spesies van die genera van die familie. |
| Ground pearl/Grondpêrel van druiwe | *Margarodes* spp. |
| European red mite/Europese rooimyt | *Panonychus ulmi.* |
| Stubby root nematode/Stompwortelaalwurm | *Paratrichodorus christiei.* |
| Woolly pine aphid/Dennebloedluis | *Pineus*, species of the genera/spesies van die genera. |
| Lesion nematode/Letselaalwurm | *Pratylenchus*, species of the genera/spesies van die genera. |
| Mealy bug/Witluis | *Pseudococcidae*, species of the genera of the family/spesies van die genera van die familie. |
| Burrowing nematode/Booraalwurm | *Radopholus similis.* |
| Reniform nematode/Niervormige aalwurm | *Rotylenchulus reniformis.* |
| Sisal weevil/Sisalkewer | *Schyphophorus interstitialis.* |
| Citrus psyllae/Sitrusbladvlooi | *Triozo erytreae.* |
| Citrus nematode/Sitrusaalwurm | *Tylenchulus semipenetrans.* |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 2367 26 October 1979

## AGRICULTURAL PESTS ACT, 1973 (ACT 3 OF 1973)

## DECLARATION OF PLANT DISEASES FOR THE APPLICATION OF THE ACT

By virtue of the powers vested in me by the definition of "plant disease" in section 1 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), and with the consent of the Administrator-General for the territory of South West Africa in so far as it concerns that territory, I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby declare that—

(a) the provisions of the said Act shall apply in respect of the fungi, bacteria, viruses, micoplasmas, spiroplasmas and pathogenes specified in the Schedule;

(b) this notice shall apply also in the territory of South West Africa; and

(c) Government Notice R. 1584 of 4 August 1978 is repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

No. R. 2367 26 Oktober 1979

## WET OP LANDBOUPLAE, 1973 (WET 3 VAN 1973)

## VERKLARING VAN PLANTSIEKTES VIR DIE TOEPASSING VAN DIE WET

Kragtens die bevoegdheid my verleen by die woordbepaling van "plantsiekte" in artikel 1 van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), en met die toestemming van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika vir sover dit daardie gebied betref, verklaar ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby dat—

(a) die bepalings van genoemde Wet van toepassing is met betrekking tot die swamme, bakterieë, virusse, mikoplasmas, spiroplasmas en patogene in die Bylae aangedui;

(b) hierdie kennisgewing ook in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing is; en

(c) Goewermentskennisgewing R. 1584 van 4 Augustus 1978 herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

### SCHEDULE/BYLAE

### DECLARED PLANT DISEASES/VERKLAARDE PLANTSIEKTES

| *Common name/Gewone naam* | *Scientific name/Wetenskaplike naam* |
|---|---|
| Crown gall/Kroongal | *Agrobacterium tumefaciens.* |
| Root and collar rot/Wortel- en kraagverrotting | *Cylindrocarpon* spp., *Cylindrocladium* spp. and/en *Phytophtkora* spp. |
| Panama disease/Panamasiekte | *Fusarium oxysporum* f. *cubense.* |
| Rossellinia root and collar rot/Rosselliniawortel- en kraagverrotting | *Rossellinia* spp. |
| Citrus greening/Sitrusvergroening | — |
| Wart disease of potatoes/Vratjiesiekte van aartappels | *Synchytrium endobioticum.* |
| Bacterial blight/Vlamsiekte | *Xanthomonas ampelina.* |
| Bacterial fleck/Bakteriese vlek | *Xanthomonas pruni.* |

No. R. 2368 26 October 1979

## AGRICULTURAL PESTS ACT, 1973 (ACT 3 OF 1973)

## REGULATIONS.—PHYTOSANITARY QUALITY REQUIREMENTS FOR PLANTS

The Minister of Agriculture has under section 33 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), and with the consent of the Administrator-General for the territory of South West Africa in so far as it concerns that territory, made the regulations set out in the Schedule:

### SCHEDULE

*Definitions*

1. Words and expressions in these regulations have the meaning assigned thereto in the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973).

*Phytosanitary quality requirements for plants*

2. A plant which is sold from a nursery shall be free from insects and plant diseases.

*Application in South West Africa*

3. This notice shall apply also in the territory of South West Africa.

*Repeal of regulations*

4. Government Notice R. 1587 of 4 August 1978 is hereby repealed.

No. R. 2368 26 Oktober 1979

## WET OP LANDBOUPLAE, 1973 (WET 3 VAN 1973)

## REGULASIES.—FITOSANITÊRE KWALITEITSVEREISTES VIR PLANTE

Die Minister van Landbou het kragtens artikel 33 van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), en met die toestemming van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika vir sover dit daardie gebied betref, die regulasies in die Bylae uiteengesit, uitgevaardig.

### BYLAE

*Woordbepaling*

1. Woorde en uitdrukkings in hierdie regulasies het dieselfde betekenis as in die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973) daaraan toegeken.

*Fitosanitêre kwaliteitsvereistes vir plante*

2. 'n Plant wat uit 'n kwekery verkoop word, moet vry wees van insekte en plantsiektes.

*Toepassing in Suidwes-Afrika*

3. Hierdie regulasies is ook in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing.

*Herroeping van regulasies*

4. Goewermentskennisgewing R. 1587 van 4 Augustus 1978 word hierby herroep.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 2369 26 October 1979

AGRICULTURAL PESTS ACT, 1973 (ACT 3 OF 1973)

REGULATIONS.—PLANTING, KEEPING, SELLING AND CONVEYING OF CERTAIN KINDS OF PLANTS

The Minister of Agriculture has under section 33 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), and with consent of the Administrator-General for the Territory of South West Africa in so far as it concerns that territory, made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

*Definitions*

1. Unless the context otherwise indicates, words and expressions in these regulations have the meaning assigned thereto in the Act, and—

"Department" means the Department of Agricultural Technical Services;

"Director" means the Director of the Division of Plant and Seed Control of the Department, and includes an officer acting under a delegation from or under the control or direction of the Director;

"permit" means a permit referred to in a notice under section 27 of the Act, in terms whereof the planting, keeping, selling or conveying, as the case may be, of plants of a kind referred to in such notice, is authorised;

"the Act" means the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973).

*Application for permits*

2. (1) An application for a permit shall be made on a form which is obtainable from the Director for this purpose.

(2) Such an application shall be lodged with the Director.

(3) The Director shall consider such an application and he may make any investigation in connection therewith which he may deem necessary.

*Issuing of permits*

3. (1) If the Director finds an application referred to in regulation 2 acceptable, a permit for the planting, keeping, selling or conveying, as the case may be, of the plants specified therein, shall be issued to the applicant concerned.

(2) Such permit shall be subject to the provisions of the Act and these regulations and such further conditions as the Director may in each case determine and which are set out in such permit.

(3) If the Director refuses to issue a permit or withdraws a permit, the person who submitted the application concerned or the holder of such permit shall be advised in writing of his decision.

*Application in South West Africa*

4. These regulations shall apply also in the Territory of South West Africa.

*Repeal of regulations*

5. (1) The regulations and amendments thereof as published in the Government Notices specified in the Schedule, are hereby repealed.

(2) Paragraphs 1, 2 (b), 2 (c) and 3 of Schedule C of Proclamation R. 183 of 1970 are hereby repealed.

No. R. 2369 26 Oktober 1979

WET OP LANDBOUPLAE, 1973 (WET 3 VAN 1973)

REGULASIES.—PLANT, HOU, VERKOOP EN VERVOER VAN SEKERE SOORTE PLANTE

Die Minister van Landbou het kragtens artikel 33 van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), en met die toestemming van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika vir sover dit daardie gebied betref, die regulasies in die Bylae uiteengesit, uitgevaardig.

BYLAE

*Woordbepaling*

1. Tensy uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings in hierdie regulasies dieselfde betekenis as in die Wet daaraan toegeken en beteken—

"Departement" die Departement van Landbou-tegniese Dienste;

"die Wet" die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973);

"Direkteur" die Direkteur van die Afdeling Plant- en Saadbeheer van die Departement, en ook 'n beampte wat kragtens 'n delegasie of onder die beheer of lasgewing van die Direkteur optree;

"permit" 'n permit waarna in 'n kennisgewing kragtens artikel 27 van die Wet verwys word, waarkragtens die plant, hou, verkoop of vervoer, na gelang van die geval, van plante van 'n soort in so 'n kennisgewing aangedui, gemagtig word.

*Aansoek om permitte*

2. (1) 'n Aansoek om 'n permit moet op 'n vorm wat vir die doel van die Direkteur verkrygbaar is, gedoen word.

(2) So 'n aansoek moet by die Direkteur ingedien word.

(3) Die Direkteur oorweeg so 'n aansoek en hy kan enige ondersoek in verband daarmee onderneem wat hy nodig ag.

*Uitreik van permitte*

3. (1) Indien die Direkteur 'n aansoek in regulasie 2 bedoel, aanvaarbaar vind, moet 'n permit vir die plant, hou, verkoop of vervoer, na gelang van die geval, van die plante daarin aangedui, aan die betrokke applikant uitgereik word.

(2) So 'n permit is onderworpe aan die bepalings van die Wet en hierdie regulasies en die verdere voorwaardes as wat die Direkteur in elke geval bepaal en in so 'n permit uiteengesit is.

(3) Indien die Direkteur weier om 'n permit uit te reik of 'n permit intrek, moet die persoon wat die betrokke aansoek ingedien het, of die houer van so 'n permit, skriftelik van sy beslissing in kennis gestel word.

*Toepassing in Suidwes-Afrika*

4. Hierdie regulasies is ook in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing.

*Herroeping van regulasies*

5. (1) Die regulasies en wysigings daarvan soos gepubliseer by die Goewermentskennisgewings in die Bylae aangedui, word hierby herroep.

(2) Paragrawe 1, 2 (b), 2 (c) en 3 van Bylae C van Proklamasie R. 183 van 1970 word hierby herroep.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



SCHEDULE

GOVERNMENT NOTICES REPEALED

| *Number* | *Date* |
|---|---|
| 321 | 18/2/11 |
| 398 | 27/2/11 |
| 493 | 15/3/11 |
| 1 656 | 28/9/11 |
| 2 135 | 1/9/50 |
| 1 286 | 1/6/51 |
| 1 856 | 15/8/52 |
| 785 | 29/5/57 |
| R. 1387 | 11/9/64 |
| R. 1154 | 22/7/66 |

No. R. 2370 26 October 1979

AGRICULTURAL PESTS ACT, 1973
(ACT 3 OF 1973)

PROHIBITION ON THE CONVEYING OF PLANTS

By virtue of the powers vested in me by section 27 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), and with the consent of the Administrator-General for the Territory of South West Africa in so far as it concerns that territory, I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby declare that the conveying of any plant which is infected with an insect or plant disease, from one place to another within the Republic or to the Territory of South West Africa, is prohibited.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

No. R. 2371 26 October 1979

AGRICULTURAL PESTS ACT, 1973
(ACT 3 OF 1973)

PROHIBITION ON THE CONVEYING OF SISAL PLANTS

By virtue of the powers vested in me by section 27 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), and with the consent of the Administrator-General for the Territory of South West Africa in so far as it concerns that territory, I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby declare that the conveying of any plant belonging to the genus *Agave* from any place within the magisterial districts of Barberton, Carolina, Ermelo, Piet Retief and Ingwavuma, or within the Kruger National Park, to any place in the Republic or to the Territory of South West Africa, is prohibited.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

No. R. 2372 26 October 1979

AGRICULTURAL PESTS ACT, 1973
(ACT 3 OF 1973)

PROHIBITION ON THE CONVEYING OF CITRUS PLANTS

By virtue of the powers vested in me by section 27 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), and with the consent of the Administrator-General for the Territory of South West Africa in so far as it concerns that territory, I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby declare that—

(a) the conveying of plants of *Citrus, Fortunella* or *Poncirus* spp, or a crossing thereof, but not the fruit thereof, from any place in the provinces of Natal, Transvaal or the Orange Free State to any

BYLAE

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS HERROEP

| *Nommer* | *Datum* |
|---|---|
| 321 | 18/2/11 |
| 398 | 27/2/11 |
| 493 | 15/3/11 |
| 1 656 | 28/9/11 |
| 2 135 | 1/9/50 |
| 1 286 | 1/6/51 |
| 1 856 | 15/8/52 |
| 785 | 29/5/57 |
| R. 1387 | 11/9/64 |
| R. 1154 | 22/7/66 |

No. R. 2370 26 Oktober 1979

WET OP LANDBOUPLAE, 1973
(WET 3 VAN 1973)

VERBOD OP DIE VERVOER VAN PLANTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 27 van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), en met die toestemming van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika vir sover dit daardie gebied betref, verklaar ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby dat die vervoer van 'n plant wat met 'n insek of plantsiekte besmet is, van een plek na 'n ander plek binne die Republiek of na die gebied Suidwes-Afrika, verbode is.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

No. R. 2371 26 Oktober 1979

WET OP LANDBOUPLAE, 1973
(WET 3 VAN 1973)

VERBOD OP DIE VERVOER VAN SISALPLANTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 27 van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), en met die toestemming van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika vir sover dit daardie gebied betref, verklaar ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby dat die vervoer van enige plant behorende tot die genus *Agave* van enige plek binne die landdrosdistrikte van Barberton, Carolina, Ermelo, Piet Retief en Ingwavuma, of binne die Nasionale Krugerwildtuin, na enige plek in die Republiek of na die gebied Suidwes-Afrka, verbode is.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

No. R. 2372 26 Oktober 1979

WET OP LANDBOUPLAE, 1973
(WET 3 VAN 1973)

VERBOD OP DIE VERVOER VAN SITRUSPLANTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 27 van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), en met die toestemming van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika vir sover dit daardie gebied betref, verklaar ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby dat—

(a) die vervoer van plante van *Citrus, Fortunella* of *Poncirus* spp, of 'n kruising daarvan, maar nie die vrugte daarvan nie, van enige plek in die provinsies

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



other place in the Republic outside the said provinces or to the Territory of South West Africa, is prohibited; and

(b) Proclamations 142 of 1917, 107 of 1925, 69 of 1930, 291 of 1931, 119 of 1952, 208 of 1954 and R. 126 of 1973 are repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

No. R. 2373 26 October 1979

AGRICULTURAL PESTS ACT, 1973
(ACT 3 OF 1973)

LIMITATION ON THE CONVEYING OF BANANA PLANTS

By virtue of the powers vested in me by section 27 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), and with the consent of the Administrator-General for the Territory of South West Africa in so far as it concerns that territory, I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby issue the instructions set out in the Schedule.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. Unless the context otherwise indicates, words and expressions in this notice have the meaning assigned thereto in the Agricultural Pests Act, 1973 and the regulations in connection with the conveying of plants issued in terms thereof, and—

"banana plant" means a plant belonging to the genus *Musa*, but not the fruit of such plant.

2. Except on authority of a permit issued by the Director, no person shall convey banana plants from any place in the provinces of Natal or Transvaal, to any other place in the Republic or to the Territory of South West Africa, whether situated within or without the said provinces.

No. R. 2374 26 October 1979

AGRICULTURAL PESTS ACT, 1973
(ACT 3 OF 1973)

LIMITATION ON THE PLANTING, KEEPING AND CONVEYING OF SUGAR CANE

By virtue of the powers vested in me by section 27 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby issue the instructions set out in the Schedule.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. Unless the context otherwise indicates, words and expressions in this notice have the meaning assigned thereto in the Agricultural Pests Act, 1973 and the regulations in connection with the planting, keeping and conveying of plants issued in terms thereof, and—

"Association" means the South African Sugar Association;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) the substitution for subregulation (2) of the following:

"(2) catch or distrub any fish other than pelagic teleosts of the order "*Scombridae* and the families *Carangidae, Pomatomidae, Rachycentridae, Xiphiidae, Istiophoridae, Coryphaenidae* and *Sphyraenidae* and the species *Aprion virescens*, including pelagic elasmobranch of the families *Carcharindae, Sphyrinidae, Alopiidae* and *Odontaspididae* in the St Lucia Marine Reserve No. 1, within a distance of three kilometres seaward from the low-water mark in the area between, as northern limit, a line (270° true) drawn from the white concrete beacon marked N3 and situated approximately 11 kilometres north of the Ngoboseleni Stream at Sordwana Bay and, as southern limit, a similar line drawn from the white concrete beacon marked N4 and situated approximately 1 000 metres to the south of Cape Vidal: Provided that angling from the shore with rod and line shall be permitted subject to the provisions of the regulations promulgated under the Nature Conservation Ordinance, 1974 (Ordinance 15 of 1974), of the Province of Natal;".

10. The following is hereby substituted for Regulation 25 of the Regulations:

"25. No person shall receive rock lobster or shall manufacture rock lobster products in the form of frozen tails, whole frozen rock lobster, whole frozen cooked rock lobster or packed live rock lobster except a factory in respect of which a permit was issued in terms of section 11 (1) (c) (ii) of the Act, authorising, for the period mentioned in the permit, the receiving of a specified quantity of rock lobster and the manufacturing of a specified quantity of products in the forms mentioned above, and subject to the other conditions mentioned in the permit.".

11. The following is hereby substituted for Regulation 28A of the regulations:

"28A. The holders of fishing boat licences shall not catch more than 700 tons of east coast sole (*Austroglossus pectoralis* and *Trulla capensis*) during the course of any one calendar year.".

12. Regulation 34 of the Regulations is hereby amended by—

(a) the substitution for subregulation (1) of the following:

"(1) No person may catch rock lobster except with the aid of a fishing boat licensed for the catching of rock lobster in terms of these Regulations: Provided that any person may catch five rock lobsters per day from the shore for his own use by means of a scoop-net or by diving for them from the shore without the use of artificial breathing apparatus.";

(b) the deletion in subparagraph (2) of the words "or east coast rock lobster"; and

(c) the insertion after subregulation (2) of the following:

"(3) For the purpose of subregulation (1), a snorkel shall not be regarded as artificial breathing apparatus.".

(b) subregulasie (2) deur die volgende te vervang:

"(2) in die St. Lucia-seereservaat No. 1 binne 'n afstand van drie kilometer seewaarts vanaf die laagwatermerk in die gebied tussen, as noordelike grens, 'n lyn (geografiese ligging 270°) getrek vanaf die wit betonbaken gemerk N3, geleë ongeveer 11 kilometer ten noorde van Ngoboselenispruit te Sordwanabaai, en as suidelike grens, 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die wit betonbaken gemerk N4, geleë ongeveer 1 000 meter ten suide van Kaap Vidal, enige vis behalwe pelagiese beenvis van die orde *Scombridae* en die families *Carangidae, Pomatomidae, Rachycentridae, Xiphiidae, Istiophoridae, Coryphaenidae* en *Sphyraenidae* en die soort *Aprion virescens*, met inbegrip van pelagiese kraakbeenvisse van die families *Carcharinidae, Sphyrinidae, Alopiidae* en *Odontaspididae*, vang of steur nie: Met dien verstande dat hengel vanaf die strand met 'n visstok en lyn toelaatbaar is behoudens die bepalings van die regulasies afgekondig ingevolge die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1974 (Ordonnansie 15 van 1974), van die provinsie Natal;".

10. Regulasie 25 van die Regulasies word hierby deur die volgende vervang:

"25. Niemand mag kreef ontvang of kreefprodukte in die vorm van bevrore sterte, heelbevrore kreef, heelbevrore gekookte kreef of verpakte lewende kreef vervaardig nie behalwe 'n fabriek ten opsigte waarvan 'n permit kragtens artikel 11 (1) (c) (ii) van die Wet uitgereik is, waarin gemagtig word dat sodanige fabriek gedurende die tydperk in die permit genoem 'n in die permit vermelde hoeveelheid kreef mag ontvang en hoeveelheid produkte in bogenoemde vorms mag vervaardig, en onderworpe aan die ander voorwaardes wat in die permit vermeld word.".

11. Regulasie 28A van die Regulasies word hierby deur die volgende vervang:

"28A. Die houers van vissersbootlisensies mag nie meer as 700 ton ooskustongvis (*Austroglossus pectoralis* en *Trulla capensis*) gedurende enige kalenderjaar vang nie.".

12. Regulasie 34 van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) subregulasie (1) deur die volgende te vervang:

"(1) Kreef mag slegs gevang word met behulp van 'n vissersboot wat ingevolge hierdie Regulasies vir die vang van kreef gelisensieer is: Met dien verstande dat iemand wel vanaf die land deur middel van 'n skepnet of deur daarvoor vanaf die land en sonder die gebruik van kunsmatige asemhalingsapparaat te duik, 'n hoeveelheid van hoogstens vyf krewe per dag vir eie gebruik mag vang.";

(b) in subregulasie (2) die woorde "of ooskuskreef" te skrap; en

(c) na subregulasie (2) die volgende in te voeg:

"(3) By die toepassing van subregulasie (1) word 'n snorkel nie as kunsmatige asemhalingsapparaat beskou nie.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



13. Regulation 35 of the Regulations is hereby amended by—

(a) the substitution for subregulation (1) of the following:

"(1) Any person who has caught rock lobster with the aid of a fishing boat shall land all such rock lobster and shall deliver it to an authorised rock lobster packing factory that has been granted a permit in terms of regulation 25 and the master of the fishing boat shall ensure that all the rock lobster that has been caught with the aid of the fishing boat is landed and delivered to such factory."; and

(b) the substitution for subregulation (2) of the following:

"(2) (a) No person shall remove rock lobster which has been caught with the aid of a fishing boat from the place where such rock lobster has been landed before it has been weighed as whole fish by means of an automatic mass meter in the presence of an inspector or an officer of the Department of Industries and such inspector or officer has given permission that such rock lobster may be removed from the mass meter.

(b) The mass meter referred to in paragraph (a) shall be—

(i) installed and used at the place indicated by the director or any other officer of the Department of Industries;

(ii) properly sealed while being used for the weighing of rock lobster: Provided that such mass meter shall be considered to be properly sealed only if it can be proved that it was sealed by a person employed by the firm which supplied the mass meter or which is responsible for the maintenance thereof, or by an officer of the Trade Inspections Branch of the Department of Commerce and Consumer Affairs; and

(iii) of such a nature that the mechanism and the reading thereof are visible while the mass meter is being used.".

14. The following is hereby substituted for Regulation 38 of the Regulations:

"38. All rock lobster or east coast rock lobster not caught in contravention of these regulations shall be retained as whole fish until it is landed: Provided that rock lobster tails or east coast rock lobster tails may be carried on board of any boat if such tails have been packed in accordance with the standard specifications of the South African Bureau of Standards promulgated by Government Notice R. 3964 of 19 December 1969 or Government Notice R. 357 of 10 March 1972, in terms of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962).".

15. Regulation 39 (1) of the Regulations is hereby amended by—

(a) the substitution for paragraph (b) of the following:

"(b) *Division of Namaqualand.*—(i) The jetty of Hicksons Canning Company (S.A.) Ltd, at Port Nolloth; and

(ii) the jetty of Namaqua Canning Company Ltd at Hondeklip Bay.";

(b) the deletion of paragraphs (c) (ii), (f) (ii) and (g);

13. Regulasie 35 van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) subregulasie (1) deur die volgende te vervang:

"(1) Enigeen wat kreef met behulp van 'n vissersboot gevang het, moet al die kreef wat hy gevang het aan land bring en aan 'n gemagtigde kreefverpakkingsfabriek wat 'n permit kragtens regulasie 25 ontvang het, lewer en die gesagvoerder van die vissersboot moet sorg dat al die kreef wat met behulp van die vissersboot gevang is, aan land gebring word en aan sodanige fabriek gelewer word."; en

(b) subregulasie (2) deur die volgende te vervang:

"(2) (a) Niemand mag kreef wat met behulp van 'n vissersboot gevang is van die plek waar sodanige kreef geland is, verwyder voordat dit in 'n heel vorm met 'n outomatiese massameter in die teenwoordigheid van 'n inspekteur of 'n beampte van die Departement van Nywerheidswese geweeg is en sodanige inspekteur of beampte goedkeuring gegee het dat sodanige kreef van die massameter verwyder mag word nie.

(b) die Massameter in paragraaf (a) bedoel, moet—

(i) geïnstalleer wees en gebruik word op 'n plek wat die direkteur of 'n ander beampte van die Departement van Nywerheidswese aangewys het;

(ii) behoorlik geseël wees terwyl dit vir die weeg van kreef gebruik word: Met dien verstande dat sodanige massameter geag sal word behoorlik geseël te wees slegs as bewys kan word dat dit geseël is deur iemand in diens van die firma wat die massameter verskaf het of vir die onderhoud daarvan verantwoordelik is, of deur 'n beampte van die Tak Handelsinspeksies van die Departement van Handel en Verbruikersake; en

(iii) van so 'n aard wees dat die meganisme daarvan en die aflesing sigbaar is terwyl die massameter gebruik word.".

14. Regulasie 38 van die Regulasies word hierby deur die volgende vervang:

"38. Alle kreef of ooskuskreef wat nie in stryd met hierdie regulasies gevang is nie, moet in 'n heel vorm gehou word tot dit aan land gebring word: Met dien verstande dat kreef- of ooskuskreefsterte aan boord van enige boot vervoer mag word mits sodanige sterte verpak is ooreenkomstig die standaardspesifikasies van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 3964 van 19 Desember 1969 of Goewermentskennisgewing R. 357 van 10 Maart 1972, kragtens die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962).".

15. Regulasie 39 (1) van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) paragraaf (b) deur die volgende te vervang:

"(b) *Afdeling Namakwaland.*—(i) Die aanlegsteier van Hicksons Canning Company (S.A.) Ltd te Port Nolloth; en

(ii) die aanlegsteier van Namaqua Canning Company Ltd te Hondeklipbaai.";

(b) paragrawe (c) (ii), (f) (ii) en (g) te skrap;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) the substitution for paragraph (e) of the following:

"(e) *Division of Piketberg*.—The four jetties in the vicinity of the old military camp on Baboon Point at Elands Bay."; and

(d) the substitution for paragraph (i) of the following:

"(i) *Division of Wynberg*.—The two fish-landing quays in the fishing harbour at Hout Bay.".

16. Regulation 44 (2) of the Regulations is hereby amended by the substitution for the expression "SHBW 1, situated at Stompneus Point" of the expression "J2, situated at Seal Island between Paternoster Bay and Brittania Bay,".

17. Regulation 51 of the Regulations is hereby amended by the insertion after subregulation (2) of the following:

"(3) No person shall catch or disturb any live pansy (*Echinodiscus bisperforatus*): Provided that pansy shells washed out on the beach may be collected.".

18. Regulation 52 of the Regulations is hereby amended by the substitution for subregulation (2) of the following:

"(2) Subject to the provisions of regulation 19, no person shall catch or attempt to catch more than four shad (*Pomatomus saltatrix*) per day in any waters adjacent to the Province of Natal.".

19. Regulation 57 (1) of the Regulations is hereby amended by the insertion after the expression 'Sea-crab, fifteen (15).' in the list of fish species of the following:

"Sea-cucumber, twenty (20).".

20. The following is hereby substituted for Schedule A of the Regulations:

"SCHEDULE A

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

SEA FISHERIES ACT, 1973

APPLICATION FOR THE REGISTRATION OF A FISHING BOAT

APPLICATION FOR A LICENCE FOR A FISHING BOAT FOR 19........

Name of boat..........

Registration number..........

Home port..........

Full name of owner..........

Address of owner..........

Full-time occupation/business of owner..........

Type of boat..........

Length overall..........

Width overall..........

Depth amidships..........

Gross tonnage..........

Horsepower..........

Type of fishing gear..........

Amount included as licence fee: R..........

I, the undersigned, hereby apply for a licence for the boat described above and declare that the particulars furnished are to the best of my knowledge correct in all respects. At the same time I apply to be allowed to catch the following kinds of fish with the boat:*

| | |
|---|---|
| | Fish, excluding pelagic fish, rock lobster, south coast rock lobster and trawl fish. |
| | Pelagic fish. |
| | Rock lobster. |
| | South coast rock lobster. |
| | Trawl fish. |

.......................... ..........................
Date Signature

* Indicate with X and delete the rest.".

(c) paragraaf (e) deur die volgende te vervang:

"(e) *Afdeling Piketberg*.—Die vier aanlegsteiers in die nabyheid van die ou militêre kamp op Bobbejaanpunt te Elandsbaai."; en

(d) paragraaf (i) deur die volgende te vervang:

"(i) *Afdeling Wynberg*.—Die twee vislandingskaaie in die vissershawe te Houtbaai.".

16. Regulasie 44 (2) van die Regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking "SBHW 1, geleë te Stompneuspunt" deur die uitdrukking "J2 geleë te Seal-eiland tussen Paternosterbaai en Brittaniabaai" te vervang.

17. Regulasie 51 van die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende na subregulasie (2) in te voeg:

"(3) Niemand mag enige lewendige 'pansy' (*Echinodiscus bisperforatus*) vang of versteur nie: Met dien verstande dat 'pansy'-skulpe wat op die strand uitspoel, versamel mag word.".

18. Regulasie 52 van die Regulasies word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende te vervang:

"(2) Behoudens die bepalings van regulasie 19, mag niemand in enige waters aangrensend aan die provinsie Natal meer as vier elwe (*Pomatomus saltatrix*) per dag vang of probeer vang nie.".

19. Regulasie 57 (1) van die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende na die uitdrukking 'Seekat, twee (2).' in die lys van vissoorte te voeg:

"Seekastaiing, twintig (20).".

20. Bylae A van die Regulasies word hierby deur die volgende Bylae vervang:

"BYLAE A

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE

WET OP SEEVISSERYE, 1973

AANSOEK OM DIE REGISTRASIE VAN 'N VISSERSBOOT

AANSOEK OM 'N VISSERSBOOTLISENSIE VIR 19........

Naam van boot..........

Registrasie No..........

Tuishawe..........

Volle naam van eienaar..........

Adres van eienaar..........

Voltydse beroep/bedryf van eienaar..........

Tipe boot..........

Totale lengte..........

Totale breedte..........

Diepte midskeeps..........

Bruto tonnemaat..........

Perdekrag..........

Soort vistuig..........

Bedrag lisensiegeld ingesluit: R..........

Ek, die ondergetekende, doen hierby aansoek om 'n lisensie vir die boot hierbo beskryf en verklaar dat die besonderhede wat verstrek is na my beste wete in alle opsigte juis is. Ek doen terselfdertyd aansoek om die volgende soorte vis met die boot te mag vang:*

| | |
|---|---|
| | Vis, uitgesonderd pelagiese vis, kreef, suidkuskreef en treilvis. |
| | Pelagiese vis. |
| | Kreef. |
| | Suidkuskreef. |
| | Treilvis. |

.......................... ..........................
Datum Handtekening

* Dui aan met X en skrap die res.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 2364 26 October 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

SWEETMAKING INDUSTRY, CAPE.—EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF PROVIDENT FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the period fixed in Government Notice R. 1899 of 24 October 1974, by a further period of five years ending 3 November 1984.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

No. R. 2393 26 October 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

JEWELLERY AND PRECIOUS METAL INDUSTRY (CAPE).—RENEWAL OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 2395 of 20 December 1974, R. 1544 of 8 August 1975 and R. 1559 of 12 August 1977, to be effective from 1 November 1979 and for the period ending 30 April 1980.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

No. R. 2408 26 October 1979

BLACK LABOUR RELATIONS REGULATION ACT, 1953

CIVIL ENGINEERING INDUSTRY

The following correction to Government Notice R. 2050 appearing in *Gazette* 6654 of 14 September 1979 is published for general information:

In the Afrikaans text of the Schedule substitute for the job description "Bediener van 'n kragaangedrewe roller of triller wat deur 'n persoon met sy voet beheer word", the job description "Bediener van 'n kragaangedrewe roller of triller wat deur 'n persoon te voet beheer word".

No. R. 2412 26 October 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY.—EXTENTION OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the periods fixed in Government Notices R. 907 of 28 May 1976, R. 1812 of 1 October 1976, R. 2403 of 10 December 1976, R. 2196 of 28 October 1977, R. 1531 of 28 July 1978, R. 706 of 30 March 1979 and R. 1355 of 22 June 1979, by a further period of seven months ending 31 May 1979.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

## DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

No. R. 2364 26 Oktober 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

LEKKERGOEDNYWERHEID, KAAP.—VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN VOORSORGFONDSOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verleng hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, die tydperk vasgestel in Goewermentskennisgewing R. 1899 van 25 Oktober 1974, met 'n verdere tydperk van vyf jaar wat op 3 November 1984 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 2393 26 Oktober 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

JUWELIERSWARE- EN EDELMETAALNYWERHEID (KAAP).—HERNUWING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 2395 van 20 Desember 1974, R. 1544 van 8 Augustus 1975 en R. 1559 van 12 Augustus 1977, van krag is vanaf 1 November 1979 en vir die tydperk wat op 30 April 1980 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 2408 26 Oktober 1979

WET OP DIE REËLING VAN SWART ARBEIDSVERHOUDINGE, 1953

SIVIELE INGENIEURSNYWERHEID

Die onderstaande verbetering van Goewermentskennisgewing R. 2050, wat in *Staatskoerant* 6654 van 14 September 1979 verskyn, word vir algemene inligting gepubliseer:

Vervang die Afrikaanse teks van die Bylae die posbenaming "Bediener van 'n kragaangedrewe roller of triller wat deur 'n persoon met sy voet beheer word" deur die posbenaming "Bediener van 'n kragaangedrewe roller of triller wat deur 'n persoon te voet beheer word".

No. R. 2412 26 Oktober 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BOUNYWERHEID, KIMBERLEY.—VERLENGING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verleng hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, die tydperke vasgestel in Goewermentskennisgewings R. 907 van 28 Mei 1976, R. 1812 van 1 Oktober 1976, R. 2403 van 10 Desember 1976, R. 2196 van 28 Oktober 1977, R. 1531 van 28 Julie 1978, R. 706 van 30 Maart 1979 en R. 1355 van 22 Junie 1979, met 'n verdere tydperk van sewe maande wat op 31 Mei 1979 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 2413 26 October 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY.—AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building Industry, shall be binding, with effect from 1 November 1979 and for the period ending 31 May 1980, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from 1 November 1979 and for the period ending 31 May 1980, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the area specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the area specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement and with effect from 1 November 1979 and for the period ending 31 May 1980, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall *mutatis mutandis* be binding upon all persons who are not employees and who are employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of such persons in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Kimberley Master Builders' and Allied Trades Association

of the one part, and the

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa

of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Building Industry, Kimberley,

to amend the Agreement published under Government Notice R. 907 of 28 May 1976, as amended and extended by Government Notices R. 1812 of 1 October 1976, R. 2403 of 10 December 1976, R. 2196 of 28 October 1977, R. 1531 of 28 July 1978, R. 706 of 30 March 1979 and R. 1355 of 22 June 1979.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Building Industry—

(a) by the employers and the employees who are members of the employer's organisation and the trade union, respectively;

(b) in an area bounded by and included in a radius of 9,65 kilometres from the General Post Office, Kimberley but excluding those portions of the Province of the Orange Free State which fall within the said radius of 9,65 kilometres.

No. R. 2413 26 Oktober 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BOUNYWERHEID, KIMBERLEY.—WYSIGING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bounywerheid betrekking het, met ingang van 1 November 1979 en vir die tydperk wat op 31 Mei 1980 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van 1 November 1979 en vir die tydperk wat op 31 Mei 1980 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebied gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van 1 November 1979 en vir die tydperk wat op 31 Mei 1980 eindig, in die gebied gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle persone wat nie werknemers is nie en wat in diens is in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van sodanige persone in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID KIMBERLEY

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Kimberley Master Builders' and Allied Trades Association

aan die een kant, en die

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa

aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Kimberley,

om die Ooreenkoms, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 907 van 28 Mei 1976, soos gewysig en verleng by Goewermentskennisgewings R. 1812 van 1 Oktober 1976, R. 2403 van 10 Desember 1976, R. 2196 van 28 Oktober 1977, R. 1531 van 28 Julie 1978, R. 706 van 30 Maart 1979, en R. 1355 van 22 Junie 1979 te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Bounywerheid nagekom word—

(a) deur die werkgewers en die werknemers wat onderskeidelik lede van die werkgewersorganisasie en die vakvereniging is;

(b) in 'n gebied begrens deur en ingesluit binne 'n straal van 9,65 kilometer vanaf die Hoofposkantoor, Kimberley, maar uitgesonderd daardie gedeeltes van die provinsie die Oranje-Vrystaat wat binne genoemde straal van 9,65 kilometer val.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall apply to—

(a) apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, or any contract entered into or any conditions fixed thereunder;

(b) trainees under the Training of Artisans Act, 1951, only in so far as they are not inconsistent with the provisions of that Act or any conditions fixed thereunder.

2. CLAUSE 4.—WAGES

Substitute the following for this clause:

"CLAUSE 4.—WAGES

(1) Subject to the remaining provisions of this clause no employer shall pay and no employee shall accept wages at a lower rate than the following:

| | Per hour c |
|---|---|
| (a) Labourers— | |
| with less than 12 months service | 47 |
| with 12 month's service or more with the same employer | 48 |
| (b) Skilled labourers— | |
| with less than 12 month service | 63 |
| with 12 months' service or more with the same employer | 64 |
| (c) Drivers: | |
| Vehicles with a pay-load of six metric tons or more | 105 |
| Vehicles with a pay-load of three metric tons or more but less than six metric tons | 89 |
| All other vehicles | 75 |

| | Per week R |
|---|---|
| (d) Watchmen | 27,95 |

Provided that—

(i) the wages prescribed in this paragraph shall be in respect of a six-day week comprising six shifts not exceeding 12 hours per shift;

(ii) in the event of a lesser number of shifts being worked than that prescribed in provisio (i) the rate per week may be reduced pro rata.

| | Per hour c |
|---|---|
| (e) Journeymen's assistant, Class I | 105 |
| (f) Journeymen's assistant, Class II | 94 |
| (g) Employees engaged in floorlaying and glazing | 153 |
| (h) Journeymen in all other trades | 194 |

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), an employer shall pay to each of the undermentioned classes of employees in his employ who has worked a full week of not less than 45 ordinary hours or who has been present and available to work the ordinary hours as required by his employer a wage of not less than:

| | Per hour c |
|---|---|
| (a) Labourers— | |
| with less than 12 months service | 51 |
| with 12 months' service or more with the same employer | 55 |
| (b) Skilled labourers— | |
| with less than 12 months' service | 66 |
| with 12 months' service or more with the same employer | 70 |
| (c) Employees engaged in floorlaying and glazing | 169 |
| (d) Journeymen in all other trades | 208 |

Provided that the occurrence of a paid holiday or the commencement or termination of employment of an employee during any week shall not affect the employee's right to such higher rate.

(3) *Differential rates.*—An employee who on any day performs two or more classes of work for which different rates of wages are prescribed in subclause (1), shall be paid at a rate of the higher wage for all hours worked on such day.

(2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms van toepassing—

(a) op vakleerlinge slegs vir sover dit nie met die Wet op Vakleerlinge, 1944, of met 'n kontrak wat daarkragtens aangegaan of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is, onbestaanbaar is nie;

(b) op kwekelinge wat opgelei word ooreenkomstig die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, slegs vir sover dit nie met daardie Wet of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is, onbestaanbaar is nie.

2. KLOUSULE 4.—LONE

Vervang hierdie klousule deur die volgende:

"KLOUSULE 4.—LONE

(1) Behoudens die oorblywende bepalings van hierdie klousule mag geen laer lone as dié hieronder, deur 'n werkgewer betaal en deur 'n werknemer aangeneem word nie:

| | Per uur c |
|---|---|
| (a) Arbeiders— | |
| met minder as 12 maande diens | 47 |
| met 12 maande of langer diens by dieselfde werkgewer | 48 |
| (b) Geskoolde arbeiders— | |
| met minder as 12 maande diens | 63 |
| met 12 maande of langer diens by dieselfde werkgewer | 64 |
| (c) Drywers: | |
| Voertuie met 'n loonvrag van ses metrieke ton of meer | 105 |
| Voertuie met 'n loonvrag van drie metrieke ton of meer maar minder as ses metrieke ton | 89 |
| Alle ander voertuie | 75 |

| | Per week R |
|---|---|
| (d) Wagte | 27,95 |

Met dien verstande dat—

(i) die lone, voorgeskryf in hierdie paragraaf, ten opsigte van 'n sesdaagse week, bestaande uit ses skofte van hoogstens 12 uur per skof, moet wees;

(ii) ingeval 'n kleiner aantal skofte gewerk word as dié voorgeskryf in voorbehoudsbepaling (i), die tarief per week pro rata verminder kan word.

| | Per uur c |
|---|---|
| (e) Ambagsmansassistent, klas I | 105 |
| (f) Ambagsmansassistent, klas II | 94 |
| (g) Werknemers wat vloere lê en glaswerk doen | 153 |
| (h) Ambagsmanne in alle ander ambagte | 194 |

(2) Ondanks subklousule (1), moet 'n werkgewer aan elk van ondergenoemde klasse werknemers in sy diens wat 'n volle week van minstens 45 gewone ure gewerk het of aanwesig of beskikbaar was om die gewone ure, soos vereis deur die werkgewer, te werk, 'n loon betaal van minstens:

| | Per uur c |
|---|---|
| (a) Arbeiders— | |
| met minder as 12 maande diens | 51 |
| met 12 maande of langer diens by dieselfde werkgewer | 55 |
| (b) Geskoolde arbeiders— | |
| met minder as 12 maande diens | 66 |
| met 12 maande of langer diens by dieselfde werkgewer | 70 |
| (c) Werknemers wat vloere lê en glaswerk doen | 169 |
| (d) Ambagsmanne in alle ander ambagte | 208 |

Met dien verstande dat as daar in enige bepaalde week 'n vakansiedag met besoldiging is of 'n werknemer se diens in enige week begin of eindig, dit nie die werknemer se reg op sodanige hoër loon mag raak nie.

(3) *Differensiële lone.*—'n Werknemer wat op enige dag twee of meer klasse werk verrig waarvoor verskillende lone in subklousule (1) voorgeskryf word, moet vir alle ure op sodanige dag gewerk, teen die hoër loon besoldig word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) *Dangerous work.*—In addition to the wage prescribed, an employer shall pay to his employee not less than 10 per cent of such wage in respect of each hour or part of an hour during which employees are engaged in the performance of dangerous work.

"Dangerous work" shall mean all underpinning of buildings or structures, working in old drains, on swinging scaffolds, bosuns chairs or any work performed at more than 12 m clear above ground level".

Signed on behalf of the Industrial Council for the Building Industry, Kimberley, this 8th day of October 1979.

G. H. ROWLES, Chairman.

H. D. DAVIDS, Vice-Chairman.

G. W. BARNES, Secretary.

(4) *Gevaarlike werk.*—Benewens die voorgeskrewe loon, moet 'n werkgewer aan sy werknemer minstens 10 persent van sodanige loon betaal ten opsigte van elke uur of gedeelte van 'n uur waarin sodanige werknemer gevaarlike werk verrig.

"Gevaarlike werk" beteken alle onderstutting van geboue of bouwerke, werk in ou riole, op hangsteiers, in bootsmanstoele of enige werk verrig op 'n vry hoogte van meer as 12 m bokant die grondvlak.".

Namens die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Kimberley, op hede die 8ste dag van Oktober 1979 onderteken.

G. H. ROWLES, Voorsitter.

H. D. DAVIDS, Ondervoorsitter.

G. W. BARNES, Sekretaris.

---

No. R. 2414 26 October 1979

## INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

## BUILDING INDUSTRY, PORT ELIZABETH.—AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building Industry, shall be binding, with effect from 5 November 1979 and for the period ending 31 October 1980, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from 5 November 1979 and for the period ending 31 October 1980, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement and with effect from 5 November 1979 and for the period ending 31 October 1980, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall *mutatis mutandis* be binding upon all persons who are not employees and who are employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of such persons in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

### SCHEDULE

### INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY, PORT ELIZABETH

### AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Port Elizabeth Master Builder's and Allied Trades Association

Building Industries Federation (South Africa)

and

The Electrical Contractors' Association (South Africa)

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisations"), of the one part, and the

No. R. 2414 26 Oktober 1979

## WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

## BOUNYWERHEID, PORT ELIZABETH.—WYSIGING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bounywerheid betrekking het, met ingang van 5 November 1979 en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1980 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van 5 November 1979 en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1980 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a) met ingang van 5 November 1979 en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1980 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle persone wat nie werknemers is nie en wat in diens is in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van sodanige persone in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

### BYLAE

### NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID, PORT ELIZABETH

### OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956 gesluit deur en aangegaan tussen die

Port Elizabeth Master Builders' and Allied Trades Association

Building Industries Federation (South Africa)

en

The Electrical Contractors' Association (South Africa

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Amalgamated Society of Woodworkers of South Africa

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa

South African Electrical Workers' Association

and the

Operative Plumbers' Association of Port Elizabeth

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Building Industry, Port Elizabeth,

to amend the Agreement published under Government Notice R. 1710 of 2 September 1977, as amended by Government Notices R. 2087 of 20 October 1978 and R. 917 of 27 April 1979.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Building Industry—

(a) by all employers and employees who are members of the employers' organisations and trade unions, respectively;

